PERSVERKLARING

# HESSEQUA MUNISIPALITEIT

Kontak:
Munisipale Bestuurder
Mnr. Johan Jacobs
mm@hessequa.gov.za
Hessequa Munisipaliteit
Tel: 028 713 8000

## VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING

17 Junie 2021

**Geagte inwoners**

Op 10 Junie 2021 het die Nasionale Instituut vir Oordraagbare Siektes van Suid-Afrika (NICD) bevestig dat Suid- Afrika nou amptelik die derde golf van COVID-19 infeksies betree het. Ek is uiters bekommerd oor die toenemende aantal Covid-19 gevalle in die Hessequa munisipale gebied en doen ’n ernstige beroep op al die inwoners van Hessequa om steeds verantwoordelik op te tree deur gereeld hande te was/ontsmet, maskers korrek te dra en 'n veilige sosiale afstand van ander mense te handhaaf.

As jy vriende of familie besoek, hou die kuiertjie kort, hou dit klein en verkieslik buite of in ’n vertrek met goeie ventilasie. Dit sal die kans op besmetting en die oordrag van die virus verminder.

Namate meer en meer entstowwe deur die Departement van Gesondheid uitgerol word, hoop ons om hierdie pandemie onder beheer te bring, maar intussen moet ons voortgaan om alles in ons vermoë te doen om die verspreiding te stop.

Dit is uiters belangrik dat persone ouer as 60 vir die inenting registreer. Die proses is vinnig en maklik en kan gedoen word deur *134*832# vanaf u telefoon te skakel om die registrasieproses te begin of die woord "REGISTER" na 0600 123 456 op WhatsApp te stuur.

Persone van 60 of ouer wat sukkel om te registreer vir 'n COVID-19 inenting of nie internet toegang het nie, kan by enige van ons munisipale biblioteke met registrasie gehelp word. Ons vriendelike biblioteek personeel help graag. Navrae oor COVID-19 entstowwe en fase 2 registrasies prosedure, kan aan service@westerncape.gov.za gerig word of deur 0860 142 142 te skakel.

**Grant Riddles**
**Uitvoerende Burgemeester**

EINDIG

Uitgereik deur:
Me D Budricks
Hoof: Openbare Betrekkinge & Administrasie
Hessequa Munisipaliteit
Tel: 028 713 8000
E-pos: didi@hessequa.gov.za